**DEPARTEMENT VAN ENERGIE**

**NO. R. 1366** **04 NOVEMBER 2016**

# "ELECTRICITY REGULATION ACT, 2006"
# WYSIGING VAN DIE ELEKTRISITEITSREGULASIES OOR NUWE OPWEKKINGSKAPASITEIT, 2011

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Energie, handelende ingevolge artikel 35(4) van die "Electricity Regulation Act, 2006" (Wet No. 4 van 2006), wysig hierby die "Electricity Regulations on New Generation Capacity" gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 399 in *Staatskoerant* 34262 van 4 Mei 2011, soos in die Bylae hierby uiteengesit.



Me Tina Joemat-
Pettersson Minister van
Energie Datum

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA**

**[ ]** Woorde in vet druk in vierkantige hake dui uitlatings uit bestaande verordenings aan.

________________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie bylae beteken "die Regulasies" die "Electricity Regulations on New Generation Capacity" in Goewermentskennisgewing No. R. 399 in *Staatskoerant* 34262 van 4 Mei 2011, gepubliseer.

**Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies**

**2.** Regulasie 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die omskrywing van "hulpdienste" te skrap;

(b) die omskrywing van "bestaande opwekkingsfasiliteite" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'bestaande opwekkingsfasiliteite'** opwekkingsfasiliteite wat in bedryf is op of onmiddellik voor die datum van **[inwerkingtreding van hierdie Regulasies]** die tersaaklike bepaling ingevolge artikel 34(1) van die Wet;";

(c) die omskrywing van "Onafhanklike Kragvervaardiger" of "OKV" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'Onafhanklike Kragvervaardiger'** of **'OKV'** enige persoon waarin die Regering of enige staatsorgaan waarin die Regering of enige staatsorgaan nie 'n beherende eienaarskapsbelang (hetsy direk of indirek) het nie, wat die ontwikkeling of skepping van nuwe opwekkingskapasiteit onderneem of voornemens is om dit te onderneem in navolging van 'n bepaling gemaak deur die Minister ingevolge artikel 34(1) van die Wet;";

(d) die volgende omskrywing na die omskrywing van "Onafhanklike Kragvervaardiger" of "OKV" in te voeg:

"**'tussenverbinde-verdelingskragsisteem'** 'n verdelingskragsisteem wat tussenverbind is met 'n transmissiekragsisteem, hetsy direk of deur tussenverbinding aan 'n ander verdelingskragsisteem waar die laasgenoemde sisteem direk of indirek aan 'n transmissiekragsisteem verbind is;";

*(e)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "nasionale transmissiemaatskappy" of "NTM" in te voeg:

"**'nasionale transmissiekragsisteem'** die tussenverbinde transmissiekragsisteem gebruik vir die voorsiening van elektrisiteit aan klante regoor die grondgebied van die Republiek;".

*(f)* die omskrywing van "nuwe opwekkingskapasiteit" deur die volgende omskrywing te vervang:

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

"**'nuwe opwekkingskapasiteit'** elektrisiteit of elektrisiteitskapasiteit verkoop of beskikbaar gestel, of opwekkingskapasiteit gekonnekteer, aan die nasionale transmissiekragsisteem of 'n tussenverbinde verdelingskragsisteem, in navolging van 'n bepaling ingevolge artikel 34(1) van die Wet, wat ontleen is aan—

*(a)* nuwe opwekkingsfasiliteite;

*(b)* 'n uitbreiding van bestaande opwekkingsfasiliteite;

*(c)* bestaande opwekkingsfasiliteite wat nie voorheen elektrisiteit aan die nasionale transmissiekragsisteem of 'n tussenverbinde verdelingskragsisteem voorsien het nie;

*(d)* bestaande opwekkingsfasiliteite deur 'n uitbreiding van enige bestaande ooreenkoms vir die aankoop van elektrisiteitskapasiteit of elektrisiteit vir 'n bykomende verskaffingstydperk wat in die kragkoopooreenkoms omskryf moet word, of deur 'n nuwe kragkoopooreenkoms aan te gaan vir 'n verskaffingstydperk wat in sodanige nuwe kragkoopooreenkoms omskryf moet word; of

*(e)* aanvraagkantverminderingsmaatreëls, met inbegrip van aggregasie, bestuur van aanvraagkantvermindering, of energierendementmaatreëls;";

*(g)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "projek vir nuwe opwekkingskapasiteit" in te voeg:

"**'nuwe opwekkingsfasiliteite'** opwekkingsfasiliteite wat in bedryf is op of onmiddellik na die datum van die tersaaklike bepaling ingevolge artikel 34(1) van die Wet;";

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(h)* die omskrywing van "kragkoopooreenkoms" of "KKO" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'kragkoopooreenkoms'** of **'KKO'** 'n ooreenkoms **[aangegaan tussen 'n generator en die koper]** vir die verkoop en koop van nuwe opwekkingskapasiteit **[of elektrisiteit daaraan ontleen, of beide]**;"; en

*(i)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "Wet op Openbare Finansiële Bestuur" in te voeg:

"**'verkoper'** 'n verkoper wat 'n kragkoopooreenkoms met 'n koper sluit ingevolge waarvan sodanige persoon onderneem om nuwe opwekkingskapasiteit aan die koper te verkoop of beskikbaar te stel;".

**Wysiging van regulasie 2 van die Regulasies**

**3.** Regulasie 2 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Hierdie Regulasies is nie van toepassing nie op die aankoop van nuwe opwekkingskapasiteit deur persone buiten staatsorgane.".

**Wysiging van regulasie 3 van die Regulasies**

**4.** Regulasie 3 word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die regulering van die aangaan van 'n kragkoopooreenkoms deur 'n koper en 'n **[generator]** verkoper;".

**Wysiging van regulasie 5 van die Regulasies**

**5.** Regulasie 5 word hierby gewysig deur—

*(a)* in subregulasie (2) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die voorgestelde toekenning van finansiële, tegniese en operasionele risiko tussen die voornemende kopers en die **[generator]** verkoper, en tussen die **[generator]** verkoper en die NTM of die verspreider, na gelang van die geval;"; en

*(b)* in subregulasie (2) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* hetsy die gepaste **[generator]** verkoper Eskom moet wees as deel van sy dienste as die nasionale elektrisiteitsvoorsiener, 'n ander staatsorgaan of 'n **[1PP]** IPP.".

**Wysiging van regulasie 8 van die Regulasies**

**6.** Regulasie 8 word hierby gewysig deur subregulasie (2) van die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Die verkrygingsproses ten opsigte van 'n oorgrensprojek moet gedoen word met behoorlike inagneming van **[die]** enige ooreenkomste, aktes van verstandhouding of reëlings in regulasie 6(4) bedoel.".

**Wysiging van regulasie 9 van die Regulasies**

**7.** Regulasie 9 word hierby gewysig deur—

*(a)* in subregulasie (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"*(b)* gepaste tegniese, operasionele en finansiële risiko aan die **[generator]** verkoper oordra;"; en

*(b)* in subregulasie (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* bevredigende omsigtigheid ten opsigte van die koper se verteenwoordiger en die voorgestelde **[generator]** verkoper in verband met aangeleenthede van hul onderskeidelike bevoegdheid en kapasiteit om die kragkoopooreenkoms aan te gaan.".